PERSVERKLARING NAMENS INANI STARTWELL STIGTING: 14 SEPTEMBER 2020

VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING

‘Voedingsdigte maaltye, vennootskappe met voedingsskemas kan kwesbare kinders red'

WEENS sosiaal-ekonomiese omstandighede het arm kinders in Suid-Afrika nie genoegsame toegang tot voedingsdigte diëte gedurende hul kritieke vormingsjare nie. Chroniese tekorte aan spesifieke groeinutriënte, lei tot vertraagde groei of ‘stunting’ by kinders.

Groeiende babas, peuters en kleuters wat op spesifiek ouderdomme nie groeidoelwitte behaal nie, sal lewenslank kognitief en liggaamlik gestremd bly. Dit het ernstige negatiewe gevolge vir hul ekonomiese en gesondheids vooruitsigte. Altesame 27% van Suid-Afrika se kinders sal nie hul volle potensiaal bereik nie weens stunting.

Met hul voedingsdigte, nie-winsgewende ontbytgereg, wil die INANI Start Well Stigting die vernietigende tragedie onder kinders in Suid-Afrika die hoof bied, het Org van der Wath, uitvoerende direkteur van INANI, gesê.

"Ouers van kwesbare kinders kan slegs stapelvoedsel bekostig. In Suid-Afrika is dit verfynde mieliemeel- of pap. Arm kinders kry heeltemal te min dierevette en proteïene in wat noodsaaklike groei-nutriënte bevat," het Van der Wath opgemerk.

'n Konstruktiewe verhouding tussen INANI en voedingskemas in die land is belangrik om die uitdaging met stunting aan te spreek.

Hy het bygevoeg dat voedingskemas in die land wonderlike werk doen. Tussen die regering en private voedingskemas voer hulle daagliks meer as nege miljoen kinders. Hulle streef daarna om honger aan te spreek en voedingstowwe aan kinders in arm gemeenskappe te verskaf.

Beperkte begrotings laat hulle nie altyd toe om die groot vraag na voedingryke etes aan te spreek nie. Hulle moet staatmaak op dieselfde goedkoop en beskikbare stapelvoedsel as dié wat deur arm gemeenskappe gebruik word.

Sommige voedingskemas gebruik maaltye wat met soja versterk is om die proteïeninhoud te verhoog. Die meeste voedselwetenskaplikes bevraagteken egter of soja kan bydra tot chroniese tekorte aan noodsaaklike groeistowwe.

Die meeste bestuurders van voedingskemas is daarop ingestel om kinders se honger aan te spreek. Hulle beoordeel nie eintlik of kinders die regte gewig of lengte vir ouderdom bereik nie. Hulle kyk ook nie of kinders die regte kombinasie van voedingstowwe ontvang het nie. Veral die noodsaaklike makro-voedingstowwe soos dier proteïene en vette.

Stunting kan slegs aangespreek word deur te verseker dat babas, peuters en kleuters gereeld voedingstowwe van gehalte kry. INANI wil saamwerk met voedingskemas om daaglikse voedingsdigte maaltye aan hul kinders af te lewer.

As deel van 'n suksesvolle loodsprogram vir die afgelope agtien maande, het INANI in samewerking met Tutela in Gauteng en InteliGro in Ceres daagliks StartWell voedingsdigte ontbytmaaltye aan 1500 kleuters voorsien.

Die projek is gereed om nou af te skop en INANI kan nou voedingsdigte maaltye teen baanbrekers lae pryse aan die voedingskema mark te lewer.

Die Noakes-stigting het ingestem om wetenskaplike hulp aan die projek te verleen.

Die mediese skool op Stellenbosch het advies aangebied om 'n omvattende studie te onderneem rakende die meting van die groei by kinders wat daagliks die StartWell-gereg gebruik.

Die StartWell-ontbytgereg bevat 15 rou bestanddele, waaronder vier volgraan, twee peulgewasse en vier gedroogde suiwelprodukte.

INANI maak tans gebruik van die dienste van 'n voedselverwerker om die StartWell-gereg volgens resep- en gehaltestandaarde te vervaardig. INANI benodig 'n eie verwerkingsaanleg om maaltye van R2,00 per 50 g graan te lewer.

Met die nie-winsgewende aanleg kan INANI 200 ton per maand produseer en minstens 200 000 kinders per dag voedingsdigte maaltye gee.

Die oprigting van die aanleg sal R11 miljoen kos. INANI het reeds meer as R7 miljoen hiervan ontvang.

"Ons strategie is om genoeg aanlegte in Suid-Afrika op te rig sodat voedingryke maaltye aan die sowat twee miljoen kwesbare kinders verskaf kan word," het Van der Wath verduidelik.

Volgens die Global Nutrition Report het stunting in Afrika die afgelope twee dekades toegeneem. In Suid-Afrika sal ongeveer 300 000 van die 1 000 000 kinders wat jaarliks gebore word, nooit hulle genetiese potensiaal bereik nie.

“Stunting in Suid-Afrika is hoër as wat 'n mens sou verwag van die land in Afrika met die hoogste voedselsekerheid op die vasteland. Dit is hoër as lande soos Gaboen, Ghana en Senegal," het Van der Wath gewaarsku.

'Ons moet dit tot elke prys aanspreek. Dit het 'n massiewe nadelige uitwerking op die sosiale en ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika, ”het Van der Wath gesê.

Persverklaring saamgestel deur Fanie Heyns namens INANI Startwell Stigting. Vir nader besonderhede, kontak Org van der Wath op 079-5140067 of Leonie Venter op 076-8356430.